Sosiale Wetenskap Geskiedenis (opgegradeer)
Leer meer oor leiers – Kwartaal 2, Graad 4

1. Doel
2. Kennis en vaardighede
3. Uitkomste en toepassings (Bloom se taksonomie)
4. Agtergrond
5. Fokusgebiede
6. Woordeskat
7. Bronnelys
8. Werkkaart
9. Memorandum
10. Powerpoint

Aanbeveel deur toesighouer : _____

Toesighouer se handtekening : _____

Datum : _____

Goedkeuring deur direkteur : _____

Direkteur se handtekening : _____

Datum : _____

DIE AFRIKAANSE TAALMUSEUM EN -MONUMENT			
SKOOL:	DATUM:	GRAAD 4	GETAL:
LES: Leer meer oor leiers: Die belangrikheid daarvan om die eienskappe van 'n goeie leier te verstaan.	TYD: 45 MINUTE	INTEGRASIE MET ANDER VAKKE: • Afrikaans • Lewensvaardighede • Sosiale Wetenskappe • Wiskunde	

1. <u>DOEL VAN DIE LES:</u>

- Om leerders toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes noodsaaklik vir selfvervulling en deelname in ’n gemeenskap as ’n burger van ’n vry land.
- Moedig ’n aktiewe en kritiese benadering tot leer aan, eerder as om onkritiese leer van ‘gegewe waarhede’ te leer.
- Werk effektief as individue én saam met andere as lede van ’n span.
- Empatie met mense in slegte situasies.

<u>MOTIVERING:</u>

Positiewe rolmodelle versterk jongmense se motivering deur leiding te gee om sukses te behaal, byvoorbeeld. Hulle het waarskynlik:
Die vermoë om ander te inspireer
’n Duidelike stel waardes
’n Verbintenis tot die gemeenskap
Aanvaarding van ander en hul omstandighede
’n Vermoë om struikelblokke te oorkom
Wanneer ’n kind ’n positiewe rolmodel het, sal hulle waarskynlik aan opbouende optredes deelneem nes die persoon na wie hulle opkyk. Positiewe rolmodelle speel ’n groot rol in kinders se ontwikkeling omdat hulle ’n leeftyd se gewoontes en selfs perspektiewe van volwassenes sal oorneem en aanleer.

<u>INLEIDING:</u>

- Vind uit wat leerders weet van leiers en goeie leierskapseienskappe.
- In ons gemeenskappe het ons verskillende soorte leiers wat onder meer uit die volgende bestaan: raadslede, wykskomitees, burgerlike organisasies, geestelike leiers, straatkomitees, polisieforums, welsynsorganisasies, aktiviste en sportleiers.
- Ons moet leer wat dit is om ’n goeie leier te wees.

STAP 1: Inhoud van program

Sommige eienskappe van 'n goeie leier

- Iemand wat ander mense lei
- Vermoë om na ander te luister
- Respek vir andere en in staat om op te staan vir dit wat reg is

STAP 2: Voorgestelde prakties (illustrasie, metode, tegnieke). Hersiening van kennis opgedoen.

Wat is die eienskappe van ’n goeie leier en waarom is dit belangrik om goeie leierskap te verstaan. Die rol wat goeie rolmodelle speel in kinders se ontwikkeling.

Waarde:
Die belangrikheid van goeie leiers is noodsaaklik vir die holistiese ontwikkeling van leerders, want dit is deur goeie leierskap-voorbeelde wat kinders kan verstaan dat dit nie altyd maklik is om 'n goeie leier te wees nie. Leiers is nie altyd gewild nie, want hulle streef meestal daarna om positiewe verandering teweeg te bring en verandering is geneig om ongemaklik te wees. Dit is belangrik dat leerders mense identifiseer waarmee hulle in hul gemeenskap aanklank vind sodat hulle realistiese voorbeelde van goeie leierskapseienskappe kan volg.

STAP 3: SAMEVATTING

Eendag kan jy ook ‘n leier word, nie net in jou skool of gemeenskap nie, maar ook by die werk en dalk ook by een van die organisasies wat vroeër genoem. Jy sal kennis en vaardighede benodig om ’n goeie leier met goeie eienskappe te wees, maar jy kan nou al oefen omdat jy ’n leier kan word in jou klas, ’n organisasie of sportspan.

Voorstelle vir werkkaarte se inhoud:

Herrangskik die woorde om die eienskappe van ’n goeie leier te spel
Soek woorde
Vul ontbrekende woorde/begrippe in
Wiskundige begrippe wat getoets kan word as probleemoplossing

2. KENNIS EN VAARDIGHEDE

Kennis: Beskryf die betekenisse van empatie, leier, karakter en respek.

Vaardighede: Verwoord en verstaan die konsepte asook die belangrikheid daarvan om die eienskappe van ’n goeie leier te verstaan.

3. UITKOMSTE EN TOEPASSINGS (BLOOM SE TAKSONOMIE)

Kennisvaardighede: **identifiseer, vind, soek (kognitiewe vlak 1/2)**
Begripsvaardighede: **vertel in jou eie woorde (kognitiewe vlak 2/3)**
Ontledingsvaardighede: **bereken (kognitiewe vlak 3/4)**
Sintesevaardighede: **vorm nuwe woorde (kognitiewe vlak 5/6)**

4. AGTERGROND INLIGTING

Sommige leiers van die Afrikaanse taal

Museums is plekke waar voorwerpe van kuns en kultuur, erfenis of wetenskap versamel en uitgestal word. 'n Uitstalling is wanneer gesamentlike dinge uitgestal word.

'n Leier is 'n persoon of groep persone wat mense of prosesse lei. Hulle neem die voortou. Hulle het die vermoë om ander positief of negatief te beïnvloed. Oor die algemeen word leiers deur die groep self verkies, maar leiers kan ook deur andere aangestel word.

Leiers het verskillende eienskappe wat hulle as leiers identifiseer.

Vandag gaan ons leer oor sommige leiers wat prosesse aan die gang gesit het om Afrikaans as 'n lees- en skryftaal erken te kry in Suid-Afrika sowel as om die Bybel in Afrikaans vertaal te kry.

Nou waar het alles begin? In die laat 1800's was daar net twee amptelike landstale in Suid-Afrika naamlik Engels en Hollands. Hoewel die mense gedurende hierdie jare Afrikaans gepraat het, het hulle in Nederlands geskryf. Die enigste uitsondering was Kaapse Moesliemleiers wat soms Afrikaans met behulp van die Arabiese skrif geskryf het.

Dr Arnoldus Pannevis het in 1866 na die Kaap gekom. Hy kon baie tale praat en het besef dat die mense aan die Kaap eintlik nie Nederlands praat nie, maar Afrikaans!

Op 14 Augustus 1875 het agt mense in die Paarl vergader met twee doelwitte. Eerstens wou hulle die Hollandse Bybel na Afrikaans vertaal en hulle wou Afrikaans as 'n lees- en skryftaal erken kry. Om te wys hoe ernstig hulle was, noem hulle hulself die Genootskap van Regte

Afrikaners (GRA).

Die GRA neem die leiding en druk die eerste Afrikaanse koerant, Die Afrikaanse Patriot, wat vir die eerste keer op 15 Januarie 1876 gepubliseer is.



DIE
Afrikaanse Patriot.

DEEL I.] SATERDAG, 15 JANUARY, 1876. [No. 1.

"DIE AFRIKAANSE PATRIOT."

Een Afrikaanse koerant! Wie het dit ooit gedroom! Ja, Afrikaanders! een koerant in ons eie taal! Dit het baiang moeite gekos om so ver te kom; dit kan ek julle verseker, want die meeste Afrikaanders is nog steeks pêrde, bulle wil mos nie glo dat ons een eie taal het nie. Die eie Patriotte hou vas, en klou vas, an die *Hollanse* taal; die jong meuse vind die *Engelse* taal weer so danig mooi, en o'ertuie gaat net so moeilik, as om steeks pêrde te ber preak in die voortuig. Ons wil mou met ons "Patriot" an die wereld wys, dat ons wel de'entlik een taal het waarin ons kan se net wat ons wil.

"AFRIKAANSE PATRIOT,"

Ja, dit is die naam van ons blad! Een beter naam kan ons nooit kry nie, want een "*Patriot*" is een flukse vent, en so wil ons ons koerant ook maak:— klein, maar flaks.

Op die 15 van ider maand kan julle een besoek van die "Patriot" verwag, en ek is seker, hoe meer julle hom lees, hoe liewer julle hom sal kry. En hoe meer inteekenaars julle ver hom sal besorge, hoe meer sal julle dankbaarheid sal betoon! Ek sê: *teken in! die vier 5 sielings in die jaar! Sê an al julle vriende, teken in vir die "Patriot," die vier 5 sielings in die jaar!* Myn skepsels! wat is 5 sielings ver een "Afri-

Albion Drukpers waarop die eerste Afrikaanse koerant geduk is.

Dit was nie net Pannevis en die GRA wat leiding geneem het nie.

Abu Bakr Effendi het gedurende die eerste helfte van die 1860's aan die Kaap gekom. Gedurende sy tyd hier vul hy die Arabiese alfabet aan om spesifieke Afrikaanse klanke weer te gee. In 1869 word sy boek, die Bayaan-ud-diyn, in Konstantinopel (nou Istanboel) in Arabiese Afrikaans gedruk. Dit het die weg gebaan vir toekomstige publikasies in Arabiese Afrikaans.



Arabiese Afrikaans is die gebruik om Afrikaanse geskrifte in die Arabiese alfabet weer te gee en word as een van die vroegste geskrewe Afrikaans beskou. Effendi was dus 'n godsdienstige leier wat 'n rol gespeel het in die geskiedenis van Afrikaans.

Reeds in 1873 is daar begin om die Hollandse Bybel na Afrikaans te vertaal, maar die eerste volledige vertaling is eers in 1933 voltooi, agt jaar ná Afrikaans naas Engels as een van Suid-Afrika se amptelike landstale aanvaar is. Danksy hierdie taalleiers is die volgende inligting 'n aanduiding van hoe suksesvol hulle was.

Vandag spog Suid-Afrika met twaalf amptelike landstale. Suid-Afrika het ongeveer 60 miljoen inwoners waarvan bykans 7 miljoen Afrikaans gebruik as hul moedertaal. Afrikaans kom voor in al die nege provinsies in Suid-Afrika, maar in die Noord-Kaap en Wes-Kaap word dit die meeste gebruik as 'n huistaal. Dit is ook die taal wat die derde meeste gebruik word in die land as 'n moedertaal.

Language	% of population	Population
isiZulu	24.4%	15.13 million
isiXhosa	16.3%	10.11 million
Afrikaans	10.6%	6.57 million
Sepedi	10.0%	6.20 million
English	8.7%	5.39 million
Setswana	8.3%	5.15 million
Sesotho	7.8%	4.84 million
Xitsonga	4.7%	2.91 million
Siswati	2.8%	1.74 million
Tshivenda	2.5%	1.15 million
Ndebele	1.7%	1.05 million
Sign Language	0.02%	12,400
Other	2.1%	1.30 million



Afrikaans is deel van elke Afrikaanssprekende se identiteit. Ons kan saam sing, tradisionele humor en stories deel en ook daarin rou. As Afrikaans jou moedertaal is, gee dit vir jou ’n gevoel van behoort in die Afrikaanse samelewing - in Afrika en elders.

Interessant genoeg is Afrikaans deel van ons land, Suid-Afrika, se fondament. Afrikaans het ’n unieke styl en aksent. Afrikaanssprekendes het ’n avontuurlustige gees wat ons tot voordeel kan gebruik om ons harde werk en beginsels te versterk.

’n Moedertaal soos Afrikaans verenig die geskiedenis, die kultuur, die geloof en die land. ’n Goeie voorbeeld is dat jy trots voel as iemand jou Afrikaans in die buiteland herken en daarin terugpraat. Ons kan trots wees op Afrikaanses en ons moedertaal net soos elke ander groep ook trots is op hul moedertale. Wat veral ook lekker is, is as mense moeite doen om mekaar se moedertale te leer ken.

5. FOKUSGEBIEDE

- Wat is ’n leier?
- Eienskappe van ’n goeie leier
- Verskillende tipe leiers

6. WOORDESKAT

- Empatie
- Leier
- Karakter
- Respek
- Eienskappe

7. BRONNELYS

- *Abu Bakr Effendi* (2022) *Wikipedia*. Wikimedia Foundation
Available at: https://en.wikipedia.org/wiki/Abu_Bakr_Effendi (Accessed: October 18, 2022).

- *Afrikaans Aan die Praat* 2009
Khoikhoi (2022) *Wikipedia*. Wikimedia Foundation
Available at: https://af.wikipedia.org/wiki/Khoikhoi (Accessed: November 22, 2022).

- Businesstech, These are the most spoken languagesin South Africa (2023)
Available at: https://businesstech.co.za/news/lifestyle/724160/these-are-the-most-spoken-languages-in-south-africa/ (Accessed: November 8, 2023)

8. WERKKAART

Naam en van: _____
Skool : _____
Datum : _____

Graad 4: Kwartaal 2

1. Soek die eienskappe van 'n goeie leier in die tabel onder

bemoedig; eerlik; eties; kreatief; inspireer; integriteit; luister; motiveer; ondersteunend; positief; respek; verantwoordelik

M	N	K	I	L	E	D	R	O	O	W	T	N	A	R	E	V	K
B	V	C	X	Z	A	S	D	I	F	G	H	J	K	L	P	R	O
L	I	E	W	Q	A	G	R	Q	N	W	E	R	T	Y	E	U	I
K	N	R	T	Y	U	I	E	N	J	S	I	O	K	A	M	L	P
J	T	J	K	L	P	O	E	B	H	U	P	Y	T	G	V	X	F
H	E	H	G	F	D	S	V	Q	W	E	C	I	K	G	S	E	R
G	G	B	C	X	Z	A	I	A	S	D	E	F	R	G	B	N	H
G	R	E	S	P	E	K	T	Z	X	F	V	V	T	E	O	K	J
F	I	E	H	B	E	M	O	E	D	I	G	G	H	K	E	N	M
D	T	S	U	B	H	T	M	E	E	A	R	A	O	I	E	R	K
S	E	Z	Y	N	U	F	B	R	C	N	J	R	T	F	R	E	I
A	I	X	G	J	P	D	S	L	N	A	E	T	I	K	L	M	S
Q	T	D	V	F	E	I	T	I	S	O	P	N	E	B	N	L	L
W	W	R	C	I	L	M	N	K	B	V	C	X	Z	A	S	S	D
D	A	T	F	O	M	Y	U	I	O	P	L	K	J	H	G	E	F
T	R	E	W	Q	K	T	R	E	W	Q	A	S	D	F	V	I	B
Y	U	I	O	P	L	K	J	H	G	F	D	S	A	X	Z	T	C
O	N	D	E	R	S	T	E	U	N	E	N	D	V	B	N	E	M

2. Voltooi die sin deur die ontbrekende woorde in te vul

Op 14 _____ 1875 het agt mense in die _____ bymekaar gekom en hulle het twee _____ gehad. Eerstens wou hulle die _____ Bybel na _____ vertaal het. Tweedens wou hulle Afrikaans as _____- en _____taal erken kry.

Afrikaans; lees; doelwitte; Augustus; Hollandse; skryf; Paarl

3. Vind die negeletterwoord wat in die tabel onder weggesteek is:

A	I	S
K	F	N
A	R	A

Antwoord: _____

4. Watter ander Afrikaanse woorde kan jy met die letters hierbo bou?

_____
_____
_____

5. Voltooi die spraakborrels in jou eie woorde

6. Mev Malherbe het skons gebak vir die vergadering wat die **agt mans** op 14 Augustus 1875 gehou het. 'n Mens raak mos honger as jy hard werk as 'n leier!

Hier is haar resep:

Lewer 12 skons (1 dosyn)
Voorbereiding: 15 minute
Gaarmaaktyd: 10 minute

Bestanddele:

500ml (2 koppies) meel
15ml (1 eetlepel) bakpoeier
2.5ml (½ teelepel) sout
60g (¼ koppie) botter
30g (2 eetlepels) strooisuiker
200ml (¾ koppie) melk
1 eier gemeng met 5 ml (1 teelepel) water
Konfyt vir voorsit

Metode:

Voorverhit die oond tot 180 °C en voer ’n bakpan met bakpapier uit.

1. Sif die meel, bakpoeier en sout in ’n mengbak, voeg die suiker by en roer deur.
2. Vryf die botter by die meel in tot dit soos broodkrummels lyk. Maak ’n holte in die middel van die meel, giet die melk in en sny deur met ’n bottermes.
3. Keer uit op ’n oppervlak wat met meel bestrooi is en knie liggies tot die deel glad is. Druk die deeg effens plat en sny sirkels uit die deeg met ’n koeksnyer. Plaas op ’n bakplaat, verf die bokante met eiergeel en bak 10 minute.
4. Laat op ’n rak afkoel en sit voor met konfyt.

As mev Malherbe 4 dosyn skons bak, hoeveel skons gaan elke man kry?

_____

Hoe lank gaan dit vir mev Malherbe neem om 4 dosyn skons te bak?

_____

Die bestanddele in die tabel is net genoeg om 1 dosyn skons te bak.
Hoeveel bestanddele gaan mev Malherbe benodig om 4 dosyn te bak?

1. _____ml (____ koppies) meel
2. _____ ml (___ eetlepels) bakpoeier
3. _____ ml (___ teelepels) sout
4. _____ g (___ koppie) botter
5. _____ g (___ eetlepels) strooisuiker
6. _____ ml (___ koppies) melk
7. _____ eiers gemeng met ___ ml
8. (___ teelepels) water
9. Konfyt vir voorsit

9. MEMORANDUM

1. Soek die eienskappe van 'n goeie leier in die tabel onder

bemoedig; eerlik; eties; kreatief; inspireer; integriteit; luister; motiveer; ondersteunend; positief; respek; verantwoordelik

M	N	K	I	L	E	D	R	O	O	W	T	N	A	R	E	V	K
B	V	C	X	Z	A	S	D	I	F	G	H	J	K	L	P	R	O
L	I	E	W	Q	A	G	R	Q	N	W	E	R	T	Y	E	U	I
K	N	R	T	Y	U	I	E	N	J	S	I	O	K	A	M	L	P
J	T	J	K	L	P	O	E	B	H	U	P	Y	T	G	V	X	F
H	E	H	G	F	D	S	V	Q	W	E	C	I	K	G	S	E	R
G	G	B	C	X	Z	A	I	A	S	D	E	F	R	G	B	N	H
G	R	E	S	P	E	K	T	Z	X	F	V	V	T	E	O	K	J
F	I	E	H	B	E	M	O	E	D	I	G	G	H	K	E	N	M
D	T	S	U	B	H	T	M	E	E	A	R	A	O	I	E	R	K
S	E	Z	Y	N	U	F	B	R	C	N	J	R	T	F	R	E	I
A	I	X	G	J	P	D	S	L	N	A	E	T	I	K	L	M	S
Q	T	D	V	F	E	I	T	I	S	O	P	N	E	B	N	L	L
W	W	R	C	I	L	M	N	K	B	V	C	X	Z	A	S	S	D
D	A	T	F	O	M	Y	U	I	O	P	L	K	J	H	G	E	F
T	R	E	W	Q	K	T	R	E	W	Q	A	S	D	F	V	I	B
Y	U	I	O	P	L	U	I	S	T	E	R	S	A	X	Z	T	C
O	N	D	E	R	S	T	E	U	N	E	N	D	V	B	N	E	M

2. Voltooi die sin deur die ontbrekende woorde in te vul

Op 14 **Augustus** 1875 het agt mense in die **Paarl** bymekaar gekom en hulle het twee **doelwitte** gehad. Eerstens wou hulle die **Hollandse** Bybel na **Afrikaans** vertaal het.

Tweedens wou hulle Afrikaans as **lees- en skryf**taal erken kry.

3. Vind die negeletterwoord wat in die tabel onder weggesteek is:

A	I	S
K	F	N
A	R	A

Antwoord: Afrikaans

4. Watter ander Afrikaanse woorde kan jy met die letters hierbo bou?

as; aas; aks; Frans; kaai; kaas; kans; kar; karaf; kis; kraai; kraan; krans; naar; naas; nar; niks; raas; raak; rak; saak; sak; San; sin; skaaf; skaar; skif; skrif (ensovoorts)

5. Voltooi die spraakborrels in jou eie woorde:
(Merk leerdergerig, enige antwoorde binne konteks word aanvaar.)



6. Mev Malherbe het skons gebak vir die vergadering wat die **agt mans** op 14 Augustus 1875 gehou het.

Hier is haar resep:

Lewer 12 skons (1dosyn)
Voorbereiding: 15 minute
Gaarmaaktyd: 10 minute

Bestanddele:

500ml (2 koppies) meel
15ml (1 eetlepel) bakpoeier
2.5ml (½ teelepel) sout
60g (¼ koppie) botter
30g (2 eetlepels) strooisuiker
200ml (¾ koppie) melk
1 eier gemeng met 5 ml (1 teelepel) water
Konfyt vir voorsit

Metode:

Voorverhit die oond tot 180°C en voer 'n bakpan met bakpapier uit.

5. Sif die meel, bakpoeier en sout in 'n mengbak, voeg die suiker by en roer deur.
6. Vryf die botter by die meel in tot dit soos broodkrummels lyk. Maak 'n holte in die middel van die meel, giet die melk in en sny deur met 'n bottermes.
7. Keer uit op 'n oppervlak wat met meel bestrooi is en knie liggies tot die deeg glad is. Druk die deeg effens plat en sny sirkels uit die deeg met 'n koeksnyer. Plaas op 'n bakplaat, verf die bokante met eierwas en bak 10 minute.
8. Laat op 'n rak afkoel en sit voor met konfyt.

As mev Malherbe 4 dosyn skons bak, hoeveel skons gaan elke man kry?

6 skons

Hoe lank gaan dit vir mev Malherbe neem om 4 dosyn skons te bak?

100 minute / 1 uur en 40 minute

Die bestanddele in die tabel links is net genoeg om 1 dosyn skons te bak. Hoeveel bestanddele gaan mev. Malherbe benodig om 4 dosyn te bak?

2000ml (**8** koppies) meel
60ml (**4** eetlepels) bakpoeier
10ml (**2** teelepels) sout
240g (**1** koppie) botter
120g (**8** eetlepels) strooisuiker
800ml (**3** koppies) melk
4 eiers gemeng met **20**ml (**4** teelepels) water
Konfyt vir voorsit

10. <u>POWERPOINT</u>

<u>AANGEHEG AS APARTE DOKUMENT WAARIN ALLE INLIGTING UITEENGESIT WORD.</u>